info@aanlegtoetse.co.za www.aanlegtoetse.co.za

Geagte Graad 9 – ouer

AANGAANDE : GR. 10 – VAKKEUSEBEGELEIDING

Hiermee die uitslae van die evaluasie wat op u kind gedoen is.

Die vakkeuse wat in Graad 9 gemaak word, het baie belangrike implikasies vir u kind toekomstige beroep- en/of studierigting. Ons beveel aan dat u nie soseer dink aan die spesifieke vak nie, maar eerder aan die implikasies wat die neem, of nie neem daarvan, vir u kind se toekoms kan hê. In hierdie geval moet u onthou dat veral Wiskunde, en ook tot 'n effens mindere mate Fisiese Wetenskap, baie toekomsmoontlikhede oopmaak en u kind dit slegs kan laat vaar as hy dit werklik glad **nie kan baasraak nie** of as dit hoegenaamd **nie in sy belangstellingsveld benodig** word nie. U moet ook daarvan bewus wees dat **rekenaarvaardighede** in verskeie opsigte baie waardevol is.

Maak asseblief deeglik seker van die toelatingsvereistes wat by die verskillende tersiêre instansies vereis word. Hierdie inligting is maklik bekombaar by die instansies se onderskeie webtuistes. 'n Kort opsomming van die toelatingsvereistes word aangeheg.

U word aangeraai om die inligting wat uit hierdie ondersoek duidelik geword het, te kombineer met u eie waardevolle kennis en belewing van u kind. Sodoende behoort u kind meer doeltreffend begelei kan word. U kan gerus **internet-soektogte** oor die verskillende beroepe wat in u kind se profiel genoem word, aanmoedig sodat u kind kan kennis neem van werkbeskrywings, werkgeleenthede en toelatingsvereistes voordat hy/sy finale vakkeuse maak.

Hou ook in gedagte dat dit nie ongewoon is vir leerders om van vakke te verander nie **maar** dat dit wenslik is dat u kind eerder van die begin af leer om van sy keuses 'n sukses te maak. Daar is in alle vakke, studierigtings en beroepe aspekte wat meer- en minder aangenaam is en die vermoë om te **volhard** is 'n uiters belangrike lewensles.

Onthou asseblief die aanbevelings in die verslag is nie voorskriftelik nie. U en u kind het die reg om self oor sy/haar toekoms te besluit en dra daarmee saam ook die verantwoordelikheid van die besluit wat geneem word.

Ek wens u en u kind alles van die beste toe vir die res van sy/haar hoërskoolloopbaan. Indien u die resultate verder wil bespreek, kan u 'n individuele afspraak maak (uur-tarief RXXXX) of 'n telefoniese onderhoud versoek deur 'n SMS te stuur na die volgende nommer: 0828050736. Besoek gerus ook die webtuiste www.aanlegtoetse.co.za

Vriendelike groete

Naam van sielkundige

# Graad 10 Vakkeuse oriëntering

## 1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE


| | |
|---|---|
| NAAM | : XXXX |
| GEBOORTEDATUM | : XXXX |
| OUDERDOM | : XXXX |
| SKOOL | : XXXX |
| ONDERSOEKDATUM | : XXXX |

## 2. MEDIA INGESKAKEL

Biografiese vraelys
Differensiële Aanlegtoets
Belangstellingsvraelyste

## 3. RESULTATE

### 3.1. AANLEGBEELD




**Puntwaarde**

| | |
|---|---|
| 9 | Baie hoog |
| 7-8 | Hoog |
| 4-6 | Gemiddeld |
| 2-3 | Laag |
| 1 | Baie laag |

**Leerling se aanlegvelde:**

Akademies : 5.50
Handel : 6.33
Tegnies : 5.50

**Algemene Vermoë:**
Gemiddeld

XXXX het die beste presteer in die items Berekening. Dit dui op sy vermoë om 'n verskeidenheid wiskundige bewerkings akkuraat uit te voer. Die meeste van XXXX se ander aanlegte is op 'n aanvaarbare peil vir sy ouderdomsgroep.

XXXX het effens swakker presteer in die item Ruimtelike visualisering wat dui op sy vermoë om objekte in sy gedagtes te visualiseer.

## 3.2. SKOLASTIESE PRESTASIE EN TERSIERE TOELATING

| | |
|---|---|
| Ten einde te kwalifiseer vir toelating tot tersiêre studies kan die volgende breë riglyne in gedagte gehou word wanneer die vaardigheidsvlakke van die leerder se 6 vakke (behalwe LEWENSORIENTERING) bymekaargetel word. | |
| 35+ punte | Kwalifiseer vir die meeste studierigtings aan tradisionele universiteite |
| 24-34 punte | Kwalifiseer vir sekere rigtings aan tradisionele universiteite of universiteite van tegnologie |
| 0-24 | Kwalifiseer nie vir studie aan tradisionele universiteite nie |
| LET WEL, dat bogenoemde kwalifisering nie toelating waarborg nie en dat die meeste fakulteite ook interne vak-vereistes en toelatingskriteria het. Bestudeer asb. die instansies se webtuistes baie deeglik. Leerders se akademiese vermoë (volgens skoolgeskiedenis en aanlegprofiel) behoort ook in ag geneem te word wanneer hulle vakke kies. | |

Volgens XXXX se onlangse skoolrapporte behaal hy tans 'n geskatte TPT telling (APS score) van XXXX.

Opmerkings deur sielkundige

### BELANGSTELLINGS

Die belangstellingsprofiel gee 'n idee aangaande XXXX se voorlopige belangstellingsgeneigdheid wat gelys word in orde van voorkeur:

**A. Aktiwiteite**

| **Definitiewe Voorkeur** |
|---|
| XXXX |
| **Neutraal Positief** |
| XXXX |
| XXXX |
| **Neutraal Negatief** |
| XXXX |
| XXXX |
| XXXX |
| **Definitiewe Afkeur** |
| XXXX |
| XXXX |
| XXXX |
| XXXX |

## B. Werkomgewing

XXXX toon in orde van voorkeur die volgende voorkeure vir ’n spesifieke omgewing:

1 Prakties / Tegnies
2 Ondernemend
3 Wetenskaplik
4 Data-manipulasie
5 Simpatiek
6 Kunste

XXXX toon tans die sterkste voorkeur vir Praktiese- en Ondernemende werksomgewings.

Dit dui daarop dat hy voorlopig die meeste daarvan sal hou om in 'n omgewing te werk waar hy **praktiese handvaardighede** beoefen. Hy hou waarskynlik daarvan om fisies aktief te wees in een of meer van die volgende: Bou en oprigting van strukture; bou of herstel van voorwerpe d.m.v. masjinerie of gereedskap; sportbeoefening of buitelugaktiwiteite.

XXXX hou ook daarvan om in 'n omgewing te werk waar hy ander mense **organiseer en bestuur**. Hy beskik waarskynlik oor 'n sterk oorredingsvermoë en hou daarvan om leiding te neem. Persone met hierdie voorkeure stel dikwels belang in **sakebedrywighede,** die ekonomie en finansies en hou soms ook daarvan om te bemark of om te koop en te verkoop.

Hy noem voorlopig dat hy 'n XXXX, XXXX of XXXX wil word.

## C. Voorlopige beroeps-geneigdheid

| **Prakties-Tegnies** |
|---|
| Beroepe wat by hierdie belangstellings aansluiting vind is o.a. alle ingenieurs- en tegniese rigtings asook vlieënier, ingenieurstegnoloog, tegnikus, bouer, skrynwerker, rekenaar-tegnikus, en alle ambag beroepe – werktuigkundige, elektrisiën, loodgieter, paneelklopper, skrynwerker, ens. |
| **Ingenieurswese** |
| Beroepe wat by hierdie belangstellings aansluiting vind is o.a. alle ingenieursberoepe - meganies, siviel, chemies, elektries, elektronies asook rekenaar-, metallurgies- en omgewings-ingenieurswese. Kyk ook na industriële ingenieurswese, ingenieurs-geologie, argitektuur, mynbou, ens. |
| **Besigheidsbestuur** |
| Beroepe en kursusse wat by hierdie belangstellings kan aansluiting vind is o.a. besigheidsbestuurder, boubestuurder, finansiële bestuurder, bemarkingsbestuurder, personeelbestuurder, aankoopbestuurder, menslike hulpbron bestuurder, ondernemingsbestuur, projekbestuur, rekreasie & sportbestuur, toerismebestuur, voorsienings-ketting bestuur, industriële ingenieur, ens. |
| **Syfer-administrasie** |
| Beroepe wat by hierdie profiel aansluiting vind is o.a. boekhouer, rekenmeester, finansiële bestuurder, beleggingsadviseur, waardeerder, aktuaris, aankoper, ens. |

### 3.3. PERSOONLIKE OF EMOSIONELE AANDUIDINGS

Vir insae in sekere persoonlike kwessies kan XXXX se onvoltooide sinne bestudeer word.

Word deur sielkundige self ingevul.

## 4. OPSOMMING

Word deur sielkundige self ingevul

## 5. AANBEVELINGS

Die volgende vakke kan voorlopig goed by XXXX se persoonsbeeld aansluiting vind.

Afrikaans, Engels, Lewensoriëntering

- XXXX
- XXXX
- XXXX
- XXXX

Herevaluering in Gr. 11 of 12 met die oog op finale keuse van beroep en/of studierigting.

XXXX (Sielkundige)